Jakob se put – 'n netwerk in nood

Ina Mundell was baie jare lank administratiewe bestuurder by die Vereniging van Advokate in Johannesburg waar sy ook afgetree het. Gou was sy betrokke by die multi-dissiplinêre ondersteuningsbediening by Pretoria-Oosterlig-gemeente wat *Jakob se Put* genoem word. Hier kon sy die afgelope sewe jaar haar passie uitleef om mense te ondersteun wat hulle werk om een of ander rede verloor het.

As iemand by sy predikant uitkom en sê dat hy nie meer 'n inkomste het om van te leef nie, help dit nie om net vir hom te bid nie. Dan is dit nodig dat so 'n persoon *daadwerklik* gehelp word. Daarom is dit belangrik dat 'n geloofsgemeenskap oor 'n netwerk van hulpverlening beskik.

So het *Jakob se Put* op 9 Oktober 2003 by die gemeente Pretoria-Oosterlig as 'n spesiale bediening ontstaan wat daarop ingestel is om effektief en omvattend hulp te verleen aan mense wat hulle werk verloor het. Gawie Malan en Pieter van der Merwe het daarmee begin. Hulle het die bediening na die bekende waterbron in Israel vernoem waar Jesus die Samaritaanse vrou ontmoet en vir haar die lewende water gegee het.

Hier by *Jakob se Put* kom mense wat hulle "tussen werk" bevind elke Donderdag vir 'n gesellige ontbyt bymekaar. Dan gesels hulle oor hulle probleme en ontmoet hulle ander mense wat in dieselfde bootjie is. Iemand bring gewoonlik ook 'n toepaslike geestelike boodskap wat op mense se persoonlike behoeftes gerig is.

Baie mense wat by *Jakob se Put* aanklop, het hulle werk weens regstellende aksie verloor. Mettertyd het mense van alle rasse wat om een of ander rede hulle inkomste verloor het en sonder werk sit egter oor die drumpel gekom. So kon *Jakob se Put* in die meer as ses jaar van sy bestaan, reeds duisende mense help.

Baie mense wat hier aanklop, het baie méér as net hulle werk verloor. Ná maande se gesukkel sonder inkomste, verloor hulle ook hulle motor, woonplek en selfs hulle huwelik. Werkloosheid is 'n omvattende probleem, en daarom ook 'n uitdaging vir die kerk van Jesus Christus.

Die netwerk wat deur *Jakob se Put* tot stand gekom het, verleen allerlei vorms van hulp:

- Gewoonlik het mense wat om hulp kom aanklop, in elk geval berading nodig. Daarom is 'n berader teenwoordig wanneer hulle die eerste dag kom om te registreer.
- Mense wat hulp vra, se geld is gewoonlik reeds totaal uitgeput. Oosterlig se Hart-aksie, of die barmhartigheidsbedienings van ander gemeentes, voorsien onmiddellik kospakkies. Hiervoor is 'n goeie netwerk en infrastruktuur nodig. *Jakob se Put* kan onmoontlik self in ál die nood voorsien.
- Verder word daar groot moeite gedoen om mense van alle rasse- en inkomstegroepe in werk geplaas te kry. Ons skakel met 13 personeelagentskappe. Talle werkgewers skakel ook gedurig na *Jakob se Put* om werknemers te kry.
- 'n Wonderlike netwerk van beraders, maatskaplike werkers, regsadviseurs en opleidingsbeamptes help om mense wat tussen werk is, voor te berei vir 'n moontlike werk, of selfs vir 'n *beter* werk.
- Amper al die beskikbare poste vereis 'n mate van rekenaarvaardigheid. *Jakob se Put* het hierdie behoefte dadelik raakgesien en 'n rekenaarsentrum begin waar baie goedkoop rekenaaropleiding aangebied word. As hulle nie kan betaal nie, word dit ook geborg. Die ICDL-lisensie is internasionaal bekend. Dit maak dit vir mense moontlik om beter werk te kry.
- Aangesien baie mense kans sien vir entrepreneurskap, het *Jakob se Put* ook leiding geneem met entrepreneurskapskursusse. Verskeie kundige medewerkers help met die skryf van sakeplanne. Hulle gee leiding oor die lewensvatbaarheid van moontlike projekte. Hulle gee ook raad oor finansiering en wys entrepreneurs op moontlike slaggate wat mag voorkom. Meer as 'n 100 volhoubare entrepreneurskappe het reeds vanuit *Jakob se Put* ontstaan.
- Per slot van sake bied *Jakob se Put* ook voortdurende evangelisasiegeleenthede. Baie mense het hier vir die eerste keer regtig by die Here uitgekom en 'n nuwe lewe begin, want hulle het gedrink van die Lewende Water.

Byeenkomste

Dit gebeur dikwels dat tydens 'n Donderdagoggend-byeenkoms 'n werksoeker verduidelik watter tipe werk hy soek. Onmiddellik sal 'n sakepersoon in die gehoor sê: "Kom spreek my ná afloop van die byeenkoms, ek het die regte kontak vir jou". Of iemand kom by die kantoor aan net op die oomblik wat ons 'n nuwe pos ingekry het. Ons bel dadelik die werkgewer en stuur die persoon vir 'n onderhoud – en hy of sy kry dit! Die Here se goedheid en seën op hierdie bediening hou net nie op nie.

Dikwels sal 'n medewerker tydens die persoonlike onderhoud gou 'n kontak van hom bel en verduidelik van hierdie persoon se beskikbaarheid, en so kry hy of sy die werk. Op hierdie wyse het die Here al vir talle mense uitkoms gebied.

Die bediening van *Jakob se Put* het reeds so gegroei dat daar in Junie 2008 'n nasionale koördineerder aangestel moes word om nuwe takke oor die land heen op plekke so ver as Polokwane, Nelspruit, Sasolburg, Upington en Melkbosstrand te help stig. Daar is selfs mense wat vanuit Londen met *Jakob se Put* skakel.

Samewerking

Danksy die goeie werk van *Jakob se Put,* het verskillende kerke al hande gevat. So is daar onlangs 'n netwerk tussen 22 kerke in die plaaslike omgewing gebou.

Hierdie netwerk in nood is die antwoord vir behoeftige mense wat hulp dringend nodig het. God is aan die stuur, en ons sien die resultate daarvan elke dag.

Enige kerk of gemeente is welkom om deel te word van hierdie noodsaaklike netwerk. Skakel gerus met Ina Mundell by 012-993 2154, of ina@jacobswell.co.za.